# GEMEENTEBULLETIN

**11 SEPTEMBER 2020**

STELLENBERG
GEMEENTE

## AANLYN EREDIENSTE | 13 SEPTEMBER

**Oggenddiens vanaf 06:00**

Genesis 22 | Berg Moria – God sal voorsien | Ds. René Potgieter

**Gesinsdiens vanaf 06:00**

Genesis 22 | Berg Moria – God sal voorsien | Ds. Marius Breytenbach

**Meditatiewe diens**

Genesis 22 | Offer en aanvaarding |Ds. Philipp Dietmann

**Relevant-diens om 18:00**

Jesus herstel | Ds. Hanno Ackerman

**KYK** aanlyn Sondagoggend vanaf 06:00 en enige tyd daarna na die opnames van die eerste drie eredienste op www.stellenberg.co.za, of op die YouTube-kanaal. Die Relevant-diens word om 18:00 direk uitgesaai via www.stellenberg.co.za, of die Relevant YouTube-kanaal.

**LUISTER** na die klankopname van die diens op www.stellenberg.co.za.

**LEES** die preek op www.stellenberg.co.za.

## KONTROLERING VAN BESONDERHEDE

Kantoorpersoneel is besig om lidmate telefonies te kontak sodat identifiserende besonderhede gekontroleer kan word. Wees dus 'n oproep van die kerkkantoor in die volgende maand te wagte. Indien jy dit sou verkies, is jy welkom om op die e-pos te "reply", of 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za met jou en jou gesin se name, van, volledige adres, toepaslike telefoonnommers en e-posadresse te stuur, sodat ons inligting kan opdateer. Dui asseblief ook aan indien jy, of van jou gesinslede, bv. kinders wat uit die huis is, nie meer by die gemeente in-skakel nie.

### STELLENBERG BYBELSKOOL

Die volledige Bybelskoolreeks oor Paulus se vroeë lewe, sy radikale bekering en sy bediening wat daarop gevolg het, is nou aanlyn beskikbaar. Besoek www.stellenberg.co.za en kliek op die Bybelskool-blokkie op die tuisblad om na die ses opnames te kyk.

### HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Indien jy hulp (fisies of geestelik) benodig tydens die inperking, of graag hulp wil aanbied, stuur asb. 'n e-pos aan bg. adres of kontak ons leraars telefonies.

## DAAGLIKSE GEESTELIKE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720. Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.

## DOOP – SONDAG 13 SEPTEMBER

Eswee en Tanya van der Merwe, Everzicht 8, laat doop vir Imke van der Merwe op Sondag 13 September om 10:00.

## BELYDENISAFLEGGING – 13 SEPT.

Die volgende tieners lê Sondagaand om 18:00 tydens die Relevant-diens, belydenis van geloof af. Ons verwelkom hulle graag as belydende lidmate.

| | | |
|---|---|---|
| Coetzee | Lené | Richelieu 007, Everglen |
| Van Wyk | Marko | Esdoring 028, Vredekloof |

## DIE KERKKANTOOR IS OOP

Die kerkkantoor is oop en kan weeksdae tussen 08:00 en 14:00 besoek word. Besoekers sal volgens die Covid-19-riglyne hanteer word.

## WOL BESKIKBAAR VIR BREIGROEPLEDE

Lede van die breigroep wat wol benodig om voort te kan gaan met breiprojekte, kan gerus wol by die kerkkantoor kom haal. Daar is heelwat vol beskikbaar.

## MANNEGEBEDSGROEP HERVAT

Die mannegebedsgroep kom weer op Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria byeen. Sluit gerus by die groep aan. Nuwe lede is baie welkom. Navrae kan aan ds. Why Duvenhage gerig word by 082 570 5931.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar by

082 854 4530.

## HERVATTING VAN EREDIENSTE IN DIE KERK

Na aanleiding van die vlak 2-regulasies wat sedert 15 Augustus geld en groter beweeglikheid moontlik maak, wil ons graag weer vanaf Sondag 4 Oktober die aanbieding van eredienste in die kerk-gebou hervat. Covid-19-protokol sal nougeset gevolg word. Twee oggenddienste sal Sondagoggende in die kerk aangebied word. Lid-mate wat steeds verkies om die diens aanlyn te kyk, kan vanaf 09:00 via www.stellenberg.co.za by die direkte uitsending inskakel, of vanaf 10:00 en enige tyd daarna na die opname van die diens kyk.

Die familie- en meditatiewe dienste sal soos voorheen vanaf 06:00 Sondagoggende aanlyn beskikbaar wees. Die opnames kan vanaf 06:00 of enige tyd daarna via www.stellenberg.co.za gekyk word.

Die Relevant-diens word Sondagaande om 18:00 in die kerk aange-bied. Graadgroepe word tans afwisselend uitgenooi om die erediens in die kerk by te woon en na die diens by gespreksgroepe in die kerk in te skakel. Diegene wat nie die diens bywoon nie, word uitgenooi om deur die Relevant YouTube-kanaal by die direkte uitsending van die erediens in te skakel en via Zoom aan die gespreksgroepe, ná die diens, deel te neem.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Gerhardus Hendrik Izak Nieuwoudt (Gerhard), gebore op 11/11/ 1950 en oorlede op 08/09/2020. Gerhard was sedert 1982 'n meelewende lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Annelize, Krondendalsingel 20, en seuns Jaco, Allan en Gerdus asook kleinkinders wat hy agterlaat. Sy roudiens is op Maandag 14 September om 15:30 in die kerk. Vriende of familie wat graag na die diens wil kyk, kan dié skakel

https://youtu.be/DHh_dRgWR3Y gebruik om aanlyn in te skakel.

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

## VOSBURG VRYDAG – 2 OKTOBER

Maak 'n aantekening in jou dagboek van die Vosburg Vrydag wat vir Vrydag 2 Oktober beplan word. Ons beoog om wegneemetes ten bate van die NG kerk Vosburg te verkoop. Die tradisionele Vosburg Karookuier kan nie in ooreenstemming met die Covid-19-regulasies aangebied word nie, maar ons wil steeds sover dit vir ons moontlik is, die Vosburg-gemeenskap ondersteun. Etes word vooraf bestel en op Vrydag 2 Oktober afgehaal. Betaling geskied saam met die afhaal.

Die volgende etes kan bestel word:

**Roosterkoek** met konfyt en kaas @ R18 en skoon @ R12.

**Vetkoek** met kerriemaalvleis @ R20.

**Braaibord** met twee tjops, wors en slaai @ R70.

**Hamburger** @ R25.

**Pannekoek** @ R6 elk.

**Poeding** jellie en vla @ R10 of gebakte en ander @ R15.

Plaas asb. jou bestelling voor of op Sondag 27 September by 021 976 4519, weeksdae tussen 08:00 en 13:00, of stuur 'n e-pos deur op die e-pos te "reply", of 'n e-pos te stuur na christineferreira68@gmail.com. Dui asb. jou naam en van, asook die verlangde hoeveelheid van elke kositem in die e-pos aan.

## TWEE AANLYN BYBELSKOOLREEKSE

Die leraars in die Ring van Durbanville en Kraaifontein bied saam 'n Bybelskoolreeks aan. Die tema is: Hoe om die Bybel gelowig en denkend te lees. Die boek *Die Bybel in fokus* geskryf deur Louis Jonker, Jan Botha en Ernst Conradie, word tydens die kursus behandel.

Ds. Marius Breytenbach se reeks oor Paulus, bestaande uit ses sessies, is ook op die gemeente se webwerf beskikbaar.

Kyk gerus na die sessies wat op die gemeente se webwerf beskikbaar is. Gaan na www.stellenberg.co.za en kliek op die Bybelskool-blokkie. Die video-opnames is op die blad beskikbaar.

**STELLENBERG-GEMEENTE**

www.stellenberg.co.za

**Kerkkantoor**

021 976 4519

navrae@stellenberg.co.za

**Straatadres**

h.v. Moutain View-rylaan en Edelweissweg, Eversdal, 7550

**SAMARITAAN ADVERTENSIEBLAD**

Besoek www.stellenberg.co.za vir produkte wat te koop aangebied word, huishoudelike dienste, onderrigdienste, leefstyl- en skoonheids aanbiedinge, woonplekke, werksgeleenthede, asook gesondheidsdienste.

Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand.

## FINANSIËLE BYDRAES

Ons bly opreg dankbaar teenoor elke lidmaat wat steeds finansieel tot die gemeente se werksaamhede bydra. Die kerkraad beskou rent-meesterskap as een van hulle grootste verantwoordelikhede en in die lig daarvan word deeglike besinning rakende alle spandering toegepas.

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening

145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes


Kontantbydraes kan by die kerkkantoor af-gegee word, of in die beveiligde posbus by kantoor se voordeur geplaas word.


### SnapScan

### Voedselhulp

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

## BANKKOLLEKTES EN DANKOFFERS




### GEDAGTE VIR DIE DAG

Geestelike dagstukke asook 'n stemboodskap word daagliks op www.stellenberg.co.za asook die gemeente se Facebookblad geplaas.

### AANLYN ADVERTENSIEBLAD

In die Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, huishoudelike dienste, onderrigdienste, dienste in die leefstyl- en skoonheidsbedryf, woonplekke, werksgeleenthede, asook gesond-heidsdienste geadverteer. Adverten-sies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand.

Stuur 'n epos aan sanel@stellenberg.co.za.